Sing vooraf: Skrifberyming 3-3:1, 6 (nuut)

1 Dag van verlossing! Kyk, Hy kom –
Gesalfde van die Heer.
Op Hom het God se Gees gekom
om goeie nuus te bring.

6 Laat ons dan juig in God die Heer,
want Hy het ons genees,
gered, getooi met bruilofsprag.
Ons vier oorwinningsfees!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 29:1 (p. 135)

1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons blydskap omdat ons sondes vergewe is met Psalm116:1, 10 (p. 569)

Wet

Psalm 116:1, 10 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare **/** die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 18-3:8 (29:8)

8 Laat ons verheug wees en verblyd, / en gee aan God die heerlikheid! / Ná leed wat ons gely het,
staan nou die bruilofsmaal gereed, / waarvoor die Lam se bruid haar kleed / van fynste stof berei het.

Skriflesing: Openbaring 19

Teks: Openbaring 19:8, 9

En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.
(Openbaring 19:8-9 AFR1953)

Om herskep en volmaak gemaak te word deur die Here Jesus Christus, beteken dat ons op die skerp punt van God se genade loop.

- *Die kruisversoening deur die Here Jesus Christus is die proses waarmee die Here ons herstel uit ons gebrokenheid uit tot volmaakte mense.*
- *Hierdie herskepproses is sodat ons Hom kan dien soos wat ons van die begin af behoort te gedoen het.*

Geliefdes in die Here, so begin die tyd in die hemel: Die Here Jesus Christus en sy kerk word met mekaar verenig.

- Die Bybel beskryf dit so dat dit begin met 'n troue – die bruilof van die Here Jesus met sy kerk.
- Ons begin die hiernamaals met 'n fees: Die mense wat op die aarde in Christus vernuut is – die kerk van die Here deur die eeue – maak haar soos 'n bruid gereed om die Bruidegom te ontmoet.
- Hierdie oomblik gaan die verlossingswerk van die Here Jesus Christus finaal in vervulling! God en sy kerk is vir ewig en volmaak bymekaar!

Dit klink baie sprokiesagtig. Maar waarom gebeur hierdie dinge? Normaalweg praat ons van die wederkoms en die lewe hierna as die tyd van volmaaktheid.

- Dit wat in ons koppe vassteek, is dat ons in die hiernamaals volmaak sal wees.
    - Dis waar, maar wat word daarvan?
- Ons getuig baie maklik dat die Here Jesus gesterf het sodat ons met God versoen kan word – en dis waar!
    - Maar waarom het Hy dit gedoen?

Die kruisiging (versoeningswerk) van die Here Jesus Christus en hierdie bruilof van die Lam hoort bymekaar – want die een is die vervulling en die voortsetting van die ander.

- Die Here Jesus het ons nie met God versoen sodat ons net kan hemel toe gaan nie – of, om dit reg te sê, sodat ons in die hiernamaals op die nuwe aarde kan woon nie.
- Hy het gesterf sodat ons as gevolg van sy versoening *herskep* kan word – ons en die hele skepping!
- Die kruis is dus nie die eindpunt nie – dit is net 'n middel waarmee die Here die eindpunt bereik!
    - Ons en die skepping word deur die oorwinning van die Here Jesus herstel en nuutgemaak, sodat ons ons werk behoorlik kan doen!
    - Ons werk is om God volmaak te aanbid en te eer – om volmaak aan Hom al die eer te gee wat Hom toekom as die ewige God.

Daar gebeur dus twee dinge – en al twee word in hierdie teks beskryf:

- Die **Bruid maak haar gereed!**
    - Maar ons weet baie goed uit ons eie ervaring dat die bruid net loop en foute maak – is ons daaglikse sondes nie die getuienis daarvan nie?
- Daarom verduidelik die Here hoe sy haar gereed maak: **aan haar is gegee!**

Die Bruid is die kerk wat haar gereedmaak om haar Bruidegom te ontmoet, en om dan in ewige gemeenskap met Hom saam te leef!

- In die gereedmaakproses werk God en die kerk!
- Al twee berei saam voor aan dit wat vir die tyd na die geloofslewe moet voortgaan.

Kyk hoe openbaar die Here dit:

- Johannes hoor geweldige koorsange wat God loof en prys.
- Hulle sing: Halleluja – loof God die Here!

- Engele en mense sing saam! Vers 4 vertel dat die gemeente se sang aansluit by dié van die engele.
- Van vers 5 tot vers 8 word beskryf dat daar stemme bykom wat die Here prys vir sy gerigsdaad – almal wat die Here vrees.
- 'n Magtige troongees sê: Prys ons God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!

Die vorm waarin hierdie woorde in Grieks geskryf staan, vertel ons dat hierdie liedere vir ewig aangaan.

- In die hemel kan die verlostes nie klaarkry met sing en met loof nie.
- Hulle hou vir ewig aan!
- In die hiernamaals loop ons geloofslewe sy pad met die Here reguit – daar dien ons Hom opreg en ervaar ons baie vreugde.

Dink altyd in u geloofslewe aan die wederkoms van die Here, want die geluk en vreugde wat ons hier op die aarde ervaar, is maar die eerste beginsels van die geluk en vreugde wat in die hemel in ons harte gaan wees wanneer ons by die Here is.

- Dit is vir ons profeties van iets baie groter en heerliker wat die Here vorentoe vir ons het.
- Daarom leef en glo ons so opreg en so eerlik as wat ons kan – ons wil instrumente in die hand van die Here wees wat met ons aardse lewens iets van die hiernamaalse weergee.

Om altyd eerlik en opreg te wees is nie maklik nie. Die Bybel gebruik hier 'n woord waarmee Hy die verhouding tussen ons en Hom beskryf: *vrees*. **Almal wat die Here vrees!**

- *Vrees* beteken hier nie *angs* of *bangheid* nie.
- Hier beteken dit *sielsgebondenheid*.
- Met ander woorde ons moet met ons siel aan God die Heilige Gees gebonde wees.
- Verder beteken die woord ook nog: *verering* en *heilige ontsag*.

Ons wat in Christus vernuut is, moet hierdie liefde en diens aan die Here beleef en ook uitleef. So gaan ons geloofslewe deur elke dag.

- Daar moet eerste die gesindheid van die grootste dankbaarheid teenoor God wees vir die geleentheid om die Drie-Enige God te kan aanbid.
- Ons moet dankbaar wees dat ons mekaar mag liefhê – waarin ons iets beleef van die liefdesverhouding tussen ons en die Here Jesus Christus soos dit in die hiernamaals gaan wees.
- Dit moet 'n gesindheid wees wat by voorbaat bereid is om alles te gee en bo die maat op te offer vir mekaar – soos vir die Here.
- Verder moet dit wees dat God op sy beurt in ons die vertroue stel dat ons in hierdie verhouding met Hom en met mekaar die beeld van sy heerlikheid en van sy verbintenis met elkeen van ons mag uitstraal.

Hier staan in ons teksvers dat die fyn linne die regverdige dade van die heiliges is!

- Dit maak meteens die saak van heilig wees – en van gelowige wees – baie ernstig.
- Dit gaan nou oor ons en ons lewe – hoeveel reg en geregtigheid word uit my lewe uitgestraal?

Ons aardse lewe moet 'n voorbereiding wees om in die hemel in die nouste gemeenskap met God te leef.

- In die hemel begin ons lewe met 'n bruilofsfees.

  Die bruilof van die Lam het gekom, en sy vrou het haar gereedgemaak!
- Ons geloofslewe moet 'n voorbereiding wees van die fees waarmee die hiernamaals begin.
- Ons geloofslewe moet 'n preek en 'n profesie wees van die nouste en innigste gemeenskap

waarmee ons en die Here in die hiernamaals gaan saamleef.
- Ons moet natuurlik net onthou dat hierdie profesie as eerste doel het om alle gelowiges daaraan te herinner dat hulle eendag na hulle dood na die feesvreugde van die Here Jesus toe sal gaan.
- Ons geloofslewe is dus slegs 'n spieël van hierdie saligheid wat vorentoe vir ons wag.

Daar is dus baie duidelik ook 'n skadukant.
- As die Here sê dat die wat genooi is, salig is, dan beteken dit dat daar ook mense is wat nie genooi is nie, en wat glad nie deel in die saligheid van die Here nie.
- Dit is mense wat eendag nie by die bruilofsmaal van die Here sal wees nie, en dus ook nie in die hemel sal wees nie.

Dit is die ernstige waarskuwing aan ons: Moenie dat die duiwel ons oorval nie. Die Satan gaan hard probeer om sy hande op julle liefde vir mekaar te lê.
- Dit is so met alle geloofslewe, want daar is geen geloofslewe waarmee dit net goed gaan nie.
- Die gevaar is dat die duiwel spanning en twyfel en afval veroorsaak en dat hy dit dan laat ontwikkel in ernstige vervreemding tussen ons en die Here.
- Dit is die tyd wanneer u as gelowiges moet onthou dat ons die Here se heiligheid voor oë moet hou.

Die Here sê: **Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.**

Hoor u in hierdie woorde hoe groot die Here se genade is?
- Die feit dat die Here sy saligheid oor u as gelowiges uitspreek, beteken dat u gelukkig kan leef omdat u reeds die seën van die Here daarvoor het.
- Ons lees in 1 Johannes 3:3 van die mense wat op die bruilof sal wees:

  En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.
  (1 Johannes 3:3 AFR1953)

Die Here leer ons in 1 Johannes 3:3 dat elke mens wat die hoop op die ewige lewe het, sorg dat hy rein lewe soos wat die Here Jesus rein is. Dit is tekenend van ons geloofslewe.
- Beoefen reinheid daarin dat ons van die sonde af wegvlug, en mekaar altyd met geduld aanvaar.
- Oefen reinheid daarin dat ons mekaar se geloof sterk maak.

So ook in 2 Korinthiërs 7:1:

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring. (2 Korintiërs 7:1 AFR1953)

U sal nou dalk wonder of dit moontlik is dat u dit sal kan regkry.

Dink net aan 2 Korintiërs 7:1 waar die Here ons beveel om ons van alle besoedeling van die vlees en die gees te reinig, en ons dan verder beveel om die heiligmaking in die vrees van God te volbring.
- Hier praat die Here met ons oor verantwoordelikheid.
- Ons ontvang sy liefde onvoorwaardelik.
- Christus het ons sondes vergewe toe Hy ons straf gedra het aan die kruis.
- Nou is ons hersteldes in sy genade – herskeptes wat gereed is om volmaak te kan aanbid en leef.
- Ons moet ons nou net in hierdie genade oefen totdat ons in die ewige lewe bekwaam gestel word om tot in ewigheid hierin te kan volhard.

Leef so dat dit ons is van wie die Heilige Gees hier praat, en dat ons geloofslewe 'n voorspel is – 'n getuienis – dat ons gaste is op die bruilof van die Lam!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:10, 12

10 Dit is die poort van Isr'els HERE, / wat voor sy huis as wagter staan;
die poort wat meld van heil en ere, / waardeur sy gunsvolk in mag gaan.
Daar sal ek, HEER, met dankgebede / U groot maak op die dag van fees,
want U was in my angsverlede / vir my tot hulp en heil gewees.

12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die glorieteken van u mag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 6 Januarie 2008 (oggend)